R240 m. om mense te behou, 'goed bestee'

Dit het Pepkor die afgelope drie jaar R240 miljoen gekos om senior personeellede te behou, maar die maatskappy se direksie glo dit was oor en oor die geld werd.

Steve Müller, voorsitter van die direksie se vergoedingskomitee, het Woensdag op Pepkor se jaarvergadering verduidelik waarom Leon Lourens, uitvoerende hoof, vanjaar 'n retensiebonus van R3,9 miljoen gekry het en Riaan Hanekom, finansiële hoof, R3,7 miljoen.

Müller het gesê dis deel van die retensiebonusse wat 'n aandeleregte-skema vervang het nadat Steinhoff se aandeelprys einde 2017 van in die R50 per aandeel getuimel het; teen die tyd dat verhandeling in die aandeel opgeskort is, was dit nagenoeg R1,86 werd.

Die vergoedingskomitee het byna dadelik die retensiebonusse in kontant in werking gestel om te keer dat mense die maatskappy verlaat.

"Die bestuur het hul teikens in 2016 en 2017 behaal, maar weens die inploffing sou die aandeleregte-skema byna niks werd gewees het nie. Ons moes gou intree om mense aan te spoor en te help fokus op die onderneming en nie op die slagting wat deur die Steinhoff-debakel veroorsaak is nie," sê Müller.

Die aansporings is oor drie jaar betaal – vanjaar was die laaste daarvan – en sou nagenoeg R90 miljoen per jaar beloop vir almal wat dit ontvang het. Dit was eindelik minder as R270 miljoen omdat sommige van die mense wat dit sou ontvang, die maatskappy verlaat het.

Müller benadruk dat die bestuur steeds aan bepaalde prestasieteikens moes voldoen om die geld te kry.


"Ek vra altyd: Was dit 'n goeie belegging? Het dit die regte uitwerking gehad? Die antwoord is ja, beslis. Dit het die maatskappy op 'n manier van 'n ramp gered weens die ontnugtering en die teleurstelling onder die personeel weens die Steinhoff-debakel."

Op soek na direkteure

Wendy Luhabe, nuwe voorsitter van Pepkor, sê die kleinhandelreus gaan binnekort nuwe onafhanklike, nie-uitvoerende direkteure aanstel.

Dit kom nadat verskeie Pepkor-direkteure die afgelope maande bedank of uitgetree het.

Luhabe het in November voorsitter van die direksie geword nadat Jayendra Naidoo bedank het omdat hy in 'n hofstryd gewikkel is met Steinhoff, Pepkor se moedermaatskappy. Die beleggingsbeheerfirma Lancastar 101, waarvan Naidoo die voorsitter is, besit sowat 8% van Pepkor.



Luhabe, wat ook voorsitter van Libstar en ’n direkteur van Richemont is, dien al sedert Januarie 2019 op Pepkor se direksie.

Sy sê hulle is op soek na mense met kennis van onder meer afslag-kleinhandel, finansies en tegnologie. Diversiteit en onafhanklikheid in die direksie moet ook bevorder word.

Die groep het nie op die oomblik ’n leidende onafhanklike direkteur nie nadat Johann Cilliers op 16 Februarie uit die direksie bedank het om op sy persoonlike belange te fokus. Cilliers se rol as hoof van die oudit-en-risikokomitee word nou tydelik deur Fagmeedah Petersen-Cook beklee en ’n permanente aanstelling op dié uiters belangrike komitee moet nog gedoen word.

Jacob Wiese, nog ’n onafhanklike direkteur, het Woensdag op die jaarvergadering uitgetree. Wiese, die oudste kind van Christo Wiese, het die bestuur van Pepkor by sy pa oorgeneem. Christo Wiese was lank die grootste aandeelhouer van Pepkor, met ’n belang van 44%, totdat hy sy Pepkor-aandele vir Steinhoff-aandele verruil het. Steinhoff besit nou 68% van Pepkor.

Lede van die direksie kry nie vanjaar verhogings nie weens die impak van die Covid-19-pandemie en die onsekerheid wat dit vir die pad vorentoe skep.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/pepkor-r240-m-om-mense-te-behou-goed-bestee-20210310

SQUIDEYE